

# 37. Trophy maak van 'n huis 'n tuiste

*Aanbeveel vir graad 7 Huistaal*

## Prekyk

Wat is die verskil tussen 'n huis en 'n tuiste?

As julle moet emigreer, watter van die volgende sal die meeste help om jou nuwe huis soos 'n tuiste te laat voel? – (julle ou meubels; jou musiekinstrument; julle troeteldiere)

## Terwyl jy kyk

Terwyl jy onderstaande advertensie bestudeer, moet jy daarop let hoe troeteldiere van jou huis 'n tuiste kan maak.



# Postkyk

**Vrae:**

1. Watter produk word geadverteer? (1)
2. Wie is die teikenmark? (1)
3. Hoe sluit die agtergrond van hierdie advertensie aan by woorde soos "tuiste" en "huis" in die opskrif? Jy moet na die agtergrond en die opskrif in jou antwoord verwys. (2)

4.1 Kies die REGTE antwoord.
TROPHY – maak van 'n huis 'n tuiste
As die adverteerder die woord "tuiste" gebruik, verwys dit na:
a) die plek waar iemand vir jou kos sal gee
b) die lekker kos wat jy kry as jy by die huis kom
c) die gebou van stene en sement waarin daar gewoon word
d) die gevoel dat jy iewers behoort en dat daar vir jou omgegee word (1)

4.2 Wat beteken dit vir 'n hond as sy eienaar vir hom Trophy-hondekos voer? (1)

5. Wat beteken "voedsaam verby"? (1)
6. Kyk na elke hond se kosbak. Gee TWEE redes waarom jy vir jou hond Trophy-hondekos sal gee. (2)
7. Haal 'n voorbeeld van 'n metafoor uit die advertensie aan. (1)
8. Hoe manipuleer die adverteerder jou as honde-eienaar in hierdie advertensie? (2)
9. Hoe verskil die inhoud van die drie sakke hondekos in die advertensie? (3)

**TOTAAL: [15]**